STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

# DIE WAPAD

DEEL XIII. Donderdag, 21 Augustus 1958. No. 10.

# ENGELSE UNIVERSITEITE TEN GUNSTE VAN SOSIALE INTEGRASIE

DAT die Engelssprekende studente nie alleen bereid is om saam met die nie-blanke op een universiteit te studeer nie, maar selfs om saam met hom/haar in dieselfde koshuis in te woon, saam vergaderings by te woon en saam te dans, het Woensdagaand, 13 Augustus, tydens die simposium oor APARTE UNIVERSITEITE duidelik na vore gekom.

Volgens mnr. Gunther, afgevaardigde van Wits, bestaan daar nie soiets dat hulle sosiale apartheid ontken maar dit tog in die praktyk toepas nie. Dit is wel die geval slegs as gevolg van bepalings deur hul universiteitsowerhede, maar wat die studente betref, is hul heeltemal bereid om sosiale integrasie te aanvaar.

Gesien hierdie standpunt in die lig van die gebeure verlede week in U.K., is dit duidelik dat 'n gees van vrysinnigheid onder 'n sekere gedeelte van die Afrikanernasie vinnig na vore tree. Die vraag is net in hoe 'n mate en hoelank die behoudende element van die betrokke universiteitsowerhede hierdie „erkenning van fundamentele menseregte" in bedwang gaan hou.

Rhodes se afgevaardigde, mnr. Grüber, het as verweer teen die bewaring van volksidentiteit as rede vir sosiale apartheid aangevoer dat soiets as eie identiteit net nie bestaan nie. Ook is die beswaar geopper dat die geld, deur die Wet op afsonderlike universiteite vir die nie-blanke universiteite bestem, nie genoeg is vir hul instandhouding nie.

Daarteenoor het mnr. F. W. de Klerk die standpunt gestel wat die naturel volgens sy eie kultuur wil laat ontwikkel, en terselfdertyd die verbastering van die Afrikanervolk se kultuur wil voorkom. Hierdie standpunt is 'n konsekwente uitvoering van die regering se apartheidsbeleid.

## KWAGGABILTONG SEËVIER

SODRA Suidwesters na die Junievakansie op die PUK aanland, is die eerste wat gevra word, „Biltong! ! ! ! !" (Nie eens na jou welstand volgens ou Puktradisie nie!)

'n Voorraad goedbereide Kwaggabiltong is dan ook spesiaal hiervoor oor windpompe en draadheinings „drooggemaak", sodat die ergste reuk en geur deur die son uitgebraai kon word. Die plaasvolkies het nie eens die moeite gedoen om dit te gaps nie, want vir hulle lyk 'n Kwagga meer na 'n donkie met pejamas aan; om nie eens van die „geurige laventel" te praat nie!

Vir enige Nimrod is dit grappies om die „aroma" van kwagga uit te ken — dog vir die Unieboertjies het dit net na „koedoe" gesmaak en gebruik — alhoewel dit die eerste keer was wat van hulle „koedoe" sou eet.

Kwaai kompetisie is egter op die afsetmark ondervind, aangesien volstruisbiltong 'n sterk mededinger was.

Daar is heerlik weggelê aan hierdie met sorg bereide „koedoebiltong".

Vele van die grotes het gesneuwel! !

SUIDWESTERS.

## „NUSAS 'n Hartstogtelike Anti-Afrikaanse Organisasie"

GEDURENDE die pas afgelope vakansie het NUSAS sy jaarlikse kongres in Grahamstad gehou. In „Die Matie" van 8 Augustus gee mnr. Beyers Roelofse, 'n waarnemer van U.S. op die kongres, sy indrukke weer. Hy skryf dat hy getref is deur:

—Die opregteheid en gasvryheid van die gashere teenoor die waarnemers van die verskillende Afrikaanse universiteite.

—Die bonte mengelmoes wat die kongres bygewoon het en tog na buite met 'n verenigde stem spreek teen al wat Afrikaans is.

—Die leidende aandeel wat die Jode in N.U.S.A.S. neem.

—Die hartstogtelike begeerte wat die Jode het tot sosiale en biologiese integrasie.

—Die feit dat die Bantoe-studente geen nasietrots het nie.

—Die versoenende houding wat veral Rhodes, Natal en U.K. teenoor die Afrikaanse universiteite inneem.

—Die negatief-ideologiese beleid wat N.U.S.A.S. voorstaan en verkondig.

—Die feit dat N.U.S.A.S. steeds 'n sterk propaganda-masjien bly.

Interessant is verder mnr. Roelofse se beskouing oor N.U.S.A.S. se grondslag, nl. dat aangesien dit geen bindende klousule bevat wat enige studente-unie verhinder om te affilieer nie en die amptelike tale Engels en Afrikaans is, dit blyk dat hierdie grondslag kerngesond is as basis vir 'n S.A.-studente-organisasie. Dit sou dan ook een van die redes wees waarom N.U.S.A.S. in internasionale kringe 'n statusvoorsprong geniet bo die A.S.B.

—Hannes Els.

## CALVINISME

Tydens die Simposium van Korps met U.S. verlede Donderdagaand, 14 Augustus, het dit duidelik geblyk dat daar roerende eensgesindheid was met betrekking tot die onderwerp: **Calvinisme.**

Voordat die Simposium begin het, is daar aan Ds. Van Rooy, by geleentheid van sy negentigste verjaardag, 'n geskenk in die vorm van 'n skets van die Korpsvaandel, oorhandig. 'n Meer gepaste geskenk kon seker nie aan die eerste voorsitter van Korps oorhandig word nie. In sy bedankingswoord het ds. Van Rooy die leuse van Korps weer sterk beklemtoon en die lede se aandag daarop gevestig—„Veritas Vincet".


**SIMPOSIUM:**

Stellenbosch se standpunt is gestel deur mnr. Furstenburg t.o.v. „Die Kultuurideaal van die Calvinisme", wat onder andere inhou die herskepping van die Christendom,

Tokkelok Van der Walt, wat die P.U. se standpunt gestel het, het sy lyf speurder gehou en met „'n Ontmaskering van die Calvinisme" vorendag getree (hoewel dit toe al donker was!). Tokkie het dit duidelik gestel dat ons nie aanbidders van Calvyn as 'n onfeilbare persoon is nie.

Hoewel die byeenkoms van groot waarde was, is daar sommige persone wat meen dat nie almal die besprekings baie maklik kon volg nie om rede die sterk wysgerige inslag van sommige sprekers.

J. DU PLOOY.



MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

J. P. VAN DER WALT APTEEK

EK VOORSIEN ALLES WAT U VAN 'N APTEEK VERLANG

Kerkstraat 118.

# KORTVERHAALWEDSTRYD

Soos u miskien gedurende die vakansie oor „Studentevaria" verneem het, het die A.S.B. 'n groot kortverhaalwedstryd geloods met 'n £25 prys vir die beste inskrywing.

Die besonderhede is soos volg:

PRYS: £25 kontant vir die beste inskrywing!

SLUITINGSDATUM: 1 September 1958.

VOORWAARDES:

1. Slegs lede van die A.S.B. mag deelneem.
2. Slegs oorspronklike Afrikaanse stukke wat voldoen aan die vereistes vir 'n kortverhaal of essay, sal in aanmerking kom vir beoordeling.
3. Inskrywings wat al voorheen gepubliseer is, kom nie in aanmerking vir beoordeling nie.
4. Die A.S.B.-Hoofbestuur behou die reg voor om enige van die inskrywings te publiseer en sal ook geen inskrywings aan die skrywers daarvan terugstuur nie.
5. Lede mag enige aantal inskrywings instuur.
6. Deskundiges sal die beoordeling waarneem en hulle beslissing sal finaal wees.

**Adres waarheen inskrywings gestuur moet word:**

Die Organiserende Sekretaris,
A.S.B.-Hoofkantoor,
Posbus 1339,
BLOEMFONTEIN.

Die uitslae sal ter gelegener tyd oor „Studentevaria" bekend gemaak word.

Pukke, hier is jul kans vir die verwerwing van roem en rykdom!


## WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL

vir alle
* Sportuitrusting


en
* Sportbenodigdhede
* Hardeware.



## REDAKSIE EN ADMINISTRASIE.

| | |
|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Andries Myburg. |
| O/HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit. |
| NUUS | Jan v. d. Schyff. |
| INTER-UNIVERSITÊRE-AANGELEENTHEDE | Chris Coetsee |
| KUNS | Enid Rautenbach. |
| SPORT | De Wet Krüger. |
| TEGNIESE-ADVISEUR | Dries Yssel. |
| FOTOGRAAF | Hannes v. d. Walt. |
| PENNINGMEESTER | Hans van Zyl. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Eike Howaldt. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Leon Swart. |





CLAUSTRO PHOBIA?

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „ STUDIE"?

★

Maak daardie woord INTERESSANT en DUIDELIK —

KOM NA

PRO REGE PERS

BOEKHANDEL

DIÉ POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

ANTIKWARIAAT

Kerkstraat 95 — Tel. 1164



# Die Wapad

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
**DONDERDAG 21 AUGUSTUS 1958**


## DIE JAAR VAN KONTAK.

DIE JAAR 1958 is gekenmerk — vir sover dit die studentelewe raak — deur pogings om kontak te maak met persone wat anders as ons dink oor die rassevraagstuk van ons land of tot die nie-blankes behoort. Eers was daar die A.S.B.-kongres met sy waarnemers van NUSAS-sentra en toespraak deur 'n Bantoe; daarna het nog 'n Bantoe die A.S.B. toegespreek. Dit is onlangs gevolg deur die optrede van 'n voormalige president van die A.N.C. voor die A.S.B. en 'n simposium met studente van die NUSAS-sentra. Soms het sprekers dinge gesê wat die apartheidsman se hart laat swel het van trots weens die goedheid, die byna volmaaktheid, van die gedagte van paralelle ontwikkeling. Soms was die kritiek op dieselfde gedagte baie kras vir die oordromme, ingestel daarop om slegs loftuitinge op hierdie gedagte aan te hoor.

Hoe moet 'n mens dit alles beoordeel? Van die kant van die PUK was daar nie juis veel reaksie op die aanslae wat teen paralelle ontwikkeling gemaak is nie. Deur die teenstanders is ook maar met gelatenheid geluister na die aanprysing van die segregasiegedagte. Die houding wat gewoonlik ingeneem is, het neergekom op: „Ek dink so. Jy dink anders. Ons neem kennis van mekaar se standpunte. Dit was baie leersaam. Totsiens." Verder niks — miskien hier en daar 'n gesprek met 'n kamermaat die aand na die verrigtinge.

Indien hierdie houding bestaan, het kontak geen sin nie. Die doel van kontak is nie om bloot kennis te neem van mekaar se standpunte nie, maar om die kritiek wat op jou standpunt uitgeoefen word, ter harte te neem en waaragtig te ondersoek of die of die kritiek gegrond is of nie. En wanneer leemtes gevind word, moet die moed daar wees om die ou opvatting te verwerp of te wysig en 'n nuwe gedagte in die plek daarvan te stel: suiwerder en sterker as die eerste. En steeds moet in gedagte gehou word dat geen ideologie of stelsel van mense volmaak kan wees nie. Dit is die feit wat die reg daartoe gee en die eis stel dat 'n gesonde kritiese oorskouïng van jou eie aanvaarde opvattings altyd daar moet wees. Die resultate van hierdie oorskouïng moet altyd daartoe bydra om daardie opvatting welbehaaglik te maak in die eerste en laaste plek voor God — en nie vir 'n politieke party, regering of sosiale konstellasie nie.

Aan die anderkant moet uit die ontmoeting die beginsel wat teenoor joue gestel word, ook duidelik na vore kom. Dan alleen kan jy dit opweeg teen jou eie. En hier het 'n fundamentele gebrek in die kontakpogings gelê: tot die positiewe stelling van 'n eie standpunt teenoor die van paralelle ontwikkeling het dit nie gekom nie.

Die kontakpogings van die toekoms moet dus 'n opbouende kritiese inslag dra: teenoor dit wat aanvaar en teenoor dit wat jou teenstanders jou kan bied.

D. C. COETSEE.

# Oordenking

## GROEN EN DROË HOUT.

LUKAS 23:31. „Want as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë hout gebeur?”

Jesus was op pad na Golgota. Hy was moeg en die smart van die dae van foltering was op Sy gesig te lees. Dae en nagte moes Hy die spot en smaad van 'n honende menigte verdra. En nou lê die heuwel van Golgota voor Hom. Weldra sal daar drie kruise teen die hemel afgeteken staan en sal die wrede hamerslae die lug deurklief.

„Die Koning van die Jode.”

Op hierdie folterpad teen die heuwel uit het 'n groot menigte gevolg. Sommige het gevolg uit blote nuuskierigheid. Maar daar was ook vroue wat Hom bejammer het en wat wenend meegegaan het. Die meerderheid was vroue uit Jerusalem. Hulle was gewoond daaraan om mee te gaan en die gekruisigdes se lot te versag met verdowingsmiddels: blykbaar was dit nie teen die Romeinse wet nie.

„Maar Jesus het Hom omgedraai en vir hulle gesê: „Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar oor julleself en julle kinders.”

Jesus wat soveel trane in Sy omwandelinge gedroog het sê aan die vroue om te ween — ween oor julleself en julle kinders. Nee, hulle moet nie oor Hom ween nie, want Hy **moet** gekruisig word. **Hy volvoer die lyding in krag.** Die hemelse Vader het dit bestem dat Hy moes ly en sterf vir die redding van die in-sonde-verlore menslike geslag.

**„Moenie oor My ween nie.”** Moenie oor die groen hout ween nie maar dink aan die droë hout. As hulle dit doen aan die groen hout, aan die Christus wat geen sonde het nie en wat niks verkeerd gedoen het nie, wat sal dan van die droë hout word? Sal die verterende vlamme nie gulsig daaraan lek en dit verswelg nie?

In hierdie uur van die vreeslikste smart gryp Jesus nog die geleentheid aan om Sy amp as profeet en priester te vervul, Hy kondig dit aan: Veertig jaar later sal die vreeslikste ellende Jerusalem oorval. Onder die aanvalle van die Romeine sal die moeders hulle eie kinders slag en eet. Vreeslik sal die dae wees. Daarom staan dit daar: „Gelukkig is die onvrugbares en die moederskote wat nog nie gebaar het nie en die borste wat nie laat drink het nie.” **Dit** wat die Joodse vrou tot oneer gereken was sal in daardie dae gelukkig geag word!

Op Golgota is God op die vreeslikste wyse gehoon en die straf sal nie uitbly nie! . . . . . „ween oor julle self en julle kinders.”

Geagte leser, hierdie woord kom ook tot ons in hierdie dae. „Want as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë hout gebeur?” As Hy, die Onskuldige, so mishandel word en so in lyde gestort word, wat moet die skuldiges dan oorkom? En as God so die sonde straf aan die in Homself Heilige en Onskuldige, hoe swaar sal Hy hulle dan besoek wat persoonlik hoogskuldig is?

„Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel” (Jak. 2:13).

„Dan sal hulle begin om vir die berge te sê: Val op ons! en vir die heuwels: Bedek ons!”

Dit is die vreeslike profetiese boodskap wat Jesus aan die wenende dogters van Jerusalem bring, Die Groen Hout is op pad na die kruis, . . . . . wat wag daar op die droë hout?

Maar geagte leser, Jesus die Middelaar uiter hierdie woorde op die pad na Golgota . . . . . waar Hy vir ons sondes betaal het as ons alleen maar wil glo . . . . . .

ANDRIES MYBURG.



VAN DIE REDAKSIE —

Von Weillighstraat 39,
Potchefstroom.
18 Augustus 1958.

Geagte Lesers,

Net 'n kort woord van dank vir u samewerking tot dusver. Die jaar spoed snel verby en so ook die werksaamhede van hierdie redaksie. Dit is met 'n mate van leedwese dat ons daaraan dink dat nog net 'n paar uitgawes van Die Wapad deur ons hande sal verskyn.

Soos u seker opgemerk het, het daar 'n verandering in die advertensies ingetree. Dus u belangstelling in die uiterlike van die blad was nie vrugteloos nie. Die redaksie hoop dat hierdie nuwe vorm van die advertensies u sal tevrede stel. Aangesien dit egter 'n tydrowende en moeisame besigheid is het ons slegs 'n begin daarmee gemaak, en het ons die volste vertroue dat die redaksie van volgende jaar dit sal volvoer.

Langs hierdie weg wil ek namens die redaksie en die lesers ons hartlike dank uitspreek jeens Susan Roets, ons Varia-redaktrise, vir die diens wat sy op hierdie gebied aan haar Alma Mater gelewer het. Weens gesondheidsredes sal sy nie langer haar pligte kan nakom nie.

Alle sukses met die verkiesings wat op die 8e September begin. Ons hoop om in die volgende uitgawe vir u 'n volledige lys van die uitslae te gee.

Studentegroete,

ANDRIES MYBURG.




JANET says:


for: • SWEETS
• GRILLS
• COOLDRINKS

Take me to the —

President Cafe,
Grand Cafe,
or Van Riebeeck Cafe.



Alle Gekysdes en Verloofdes! ! ! !



Bevorder U Sake . . . . .

Kom na

MALAN MEUBILEERDERS

Kerkstraat 112 Telefoon 2157





AITSA!

As die DAMES so sê
Koop die Jongeheer sy klere
by—

J. TOD SUTTIE

Kerkstraat 177 — Tel. 1


# *ONS HELDEGALERY 1952 - - - - - 1959*



DS. V. D'ASSONVILLE
S.R. Voorsitter 1952—53



DS. LONG JOHN VISSER
S.R. Voorsitter 1953—54
(Die foto moes groter wees om by die held se lengte te pas.)



DS. FLIP SNYMAN
S.R. Voorsitter 1954—55

# HARTLIK DANK EN BAIE STERKTE

WAAR ONS nou feitlik aan die einde van ons amptermyn gekom het, wil ek, as Studenteraadsvoorsitter, van hierdie geleentheid gebruik maak om my hartlike en opregte dank aan al die Pukke te betuig vir 'n baie aangename en mooi werksjaar wat nou ten einde gaan. Deur u mooi samewerking en simpatieke ondersteuning kon ons mekaar steeds vind en kon ons almal met blymoedigheid saamwerk aan instandhouding en voortgang van ons eie.


**STUDENTELEWE:**

Wees versekcr dat dit nie aangenaam is om daaraan te dink dat ons binnekort ons moet losmaak van 'n aktiewe deelname aan ons Studentelewe nie. Dit was 'n voorreg om in 'n goeie saak te dien, en dit sal nog altyd 'n voorreg wees om te dien, al is dit dan nie meer as Studenteraadslid nie.

Gods rykste seën aan hom wat eersdaags die taak sal oorneem. My bede is dat dieselfde mooi gees mag heers en dat veel meer en beter dinge gedoen mag word.

Dieselfde wense gaan aan al die Pukke. Mag die arbeid goeie vrugte dra, veral wat die eksamens betref. Gaan kragtig voort met die studies maar vergeet nie ons Studentelewe nie. Bou almal saam aan dit wat ons eie is hier aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Mag dit goed gaan onder die seënende hand van ons Skepper.


D. POSTMA



WIE KEN HOM NIE?
S.R. Voorsitter 1955—57



Selfs die eerstejaars ken hom! 1957—58



S.R. Voorsitter 1958— . . . .?




# POTCHEFSTROOM BELEEF 'N HOOGTEPUNT IN SY MUSIEKLEWE

DIE SIMFONIEKONSERT van Saterdag, 16 deser, het klaarblyklik die hoogtepunt van die P.U.-musiekvereniging se jaarprogram en van die Potchefstroomse musieklewe aangedui. Die bywoning was abnormaal goed gewees en die aand was baie geslaagd.

Vir 'n publiek wat normaalweg afhanklik van plateweergawes is, was dit 'n buitengewone voorreg en 'n genot om 'n orkes voor hulle te kan sien en hoor optree. Menigeen het nou bewus geword van die kleinste nuanserings in klank en in vorm. Gesamentlik het 'n orkes, koor en solo-pianis opgetree. Aangesien die orkes nie baie groot was nie, is die instrumente telkens swaar belas met solowerk, bv. die solowerk van die klarinette en hobo's in die Schubert simfonie. Die orkes het egter onder die behendige stok van Anton Hartman goed opgetree as 'n gesamentlike klankliggaam. Die program was hoofsaaklik gebaseer op die klankspel tussen verskillende instrumente. In innerlike karakter was daar ooreenkoms tussen die komposisies, bv. die Beethoven en Bach was altwee in 'n koraalstyl en die Grétry en Schubert was beide fyn melodies.

Die program was goed saamgestel en die orkestrale inleiding was in die vorm van J. C. Bach. Dié simfonie het as 'n „hors d'ouvre" inleiding verskaf tot die meer substansiële dele van die program. Hierdie simfonie was histories goed in verband gewees.

Die koor van sewentig lede getuig van besonder goeie afrigting en alle lof kan aan die afrigter, Pieter de Villiers, toegeswaai word. Die koor was inderdaad so goed afgerig dat hulle gemaklik op al die aanduidings van die dirigent kon reageer.

Die Kantate van J. S. Bach was bedoel as 'n koraal en die tema van die koraal was in die mars opgesluit. Dit was 'n genot om te luister hoedat die orkes en koor statigheid verleen het aan die feestelike en statige prosessie van die mars. In 'n prysenswaardige samespel het die koor en orkes in 'n jubbelende huwelikskantate die vereniging van die menslike siel met Christus uitgebeeld. Dwarsdeur hierdie kantate was die koraaltema ondempbaar en hierdie werk het saam met die Beethoven die ereplek ingeneem.

(Vervolg in volgende Kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Die Beethoven Fantasia is weens sy koraalstyl nou verbonde aan die Bach-Kantate. Met die Fantasia het die pianis, Pieter de Villiers, sy intrede gemaak. Die pianis se vertolking was besonder gevoelvol en suiwer en het getuig van 'n goeie musikale begrip. Pieter de Villiers het veral uitgeblink as 'n pianis met fyn aanvoeling in die lang, vrye fantasiegedeelte. In die slotgedeelte van die werk het die koor, orkes en pianis versmelt tot 'n triomfantlike eenheid. Die dirigent, pianis en koor het hulle lourierkrans hier verdien.

Die Schubert simfonie sluit nou aan by die Gretry Ballet Suite, wat styl betref. Die kristalhelder melodieë was inderdaad die bekoring in hierdie komposisies en die dirigent het die verruklike melodieë baie goed beheers. Beide in die Schubert en die Gretry was die orkestrasie besonder interessant en die kombinasie van die houtblaasinstrumente was voortreflik.

Ten slotte wil 'n mens wys op die musikaliteit en bekwaamheid van die dirigent. Anton Hartman was in 'n besondere mate verantwoordelik vir die geslaagdheid van die aand en verdien die hoogste lof en waardering.



Vir daardie **Hol** gevoel op die maag bak ons die heerlikste **Vleispasteitjies**

**TURKSTRA BAKKERY**
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 61

## Wapaddatum

**Die volgende Wapad sal verskyn op Woensdag, 17 September.**

**Alle stof moet voor Vrydag in wees.—Red.**

## KUNSUITSTALLING:

**Fotografie van beeldhouwerk en argitektuur in dertiende-eeuse katedrale.**

In die P.U. biblioteek is daar 'n interessante uitstalling van fotografie van die dertiende-eeuse katedrale van Bamberg en Naumberg. Beide hierdie katedrale is van Romaanse boustyl en het nog nie die verfyning van die latere Gotiese tydperk nie. Beide die argitektuur en die beeldhouwerk getuig van 'n forse strukturele kragdadigheid. Wat betref argitektuur, beeldhou en versiering, is hierdie katedrale simbole van ruwe mag. Die onderwerpe en motiewe van versiering is van Bybelse aard.

Dit is inderdaad die moeite werd om na hierdie uitstalling te gaan kyk.




# Sing en wees vrolik

P.U. vir C.H.O.
18 Augustus 1958.

Geagte Pukke,

Ek wil nie kla oor die gees wat daar in ons studentegeledere heers nie, want dit is al 'n afgesaagde ou rympie. Die studentelewe is immers wat elkeen dit vir homself maak. As ons dit wil geniet, nouja dan is daar ruimskoots geleentheid daarvoor. Dit is dan ook die voorreg van elke oud-student om met tere herinneringe terug te dink aan die heerlike studentedae en die wonderlike verblyf op sy Alma Mater.

Tog het ons al opgemerk dat die nag nie meer so vinnig daal nie en dat die skemering 'n heerlike gevoel van die afsluiting van die dagtaak meebring. Dit is hierdie tyd van die jaar wanneer geen mens meer in die aand na ete in die huis wil wees nie, want daarbuite is dit te heerlik. Is daar dan nie 'n moontlikheid dat ons hierdie vrye en blye gevoel van student-wees kan uitdruk in studentesang nie?

Om af te klim van hierdie liriese troontjie en meer tot die praktiese te kom: Kan ons nie as 'n studente groep bv. Vrydae-aande deur die strate gaan loop en sing nie? Ons het soveel mooi nuwe studenteliedjies en selfs baie ander kan nog aangeleer word. En dan moet hierdie sangaande nie net sporadies wees nie, maar laat ons 'n gewoonte daarvan maak. Ek is seker dat al die slepers sal saamspeel en daardie driekwartuur van die week saam met die singende groep sal deurbring.

Studentesang is tog 'n kenmerk van Studentelewe . . . . . en moet dit dan nou juis intervarsitie wees wat ons moet dwing om saam te sing?

Gaudeamus igitur,
Student.

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE en KOLONIALE

● **SPIRITUALIEË** en

● **WYNSOORTE**

# Hieroor en Daaroor . . . . .

Ben Hecht het een keer verskeie honderde kopieë van 'n tegniese handboek op 'n oorskiet-toonbank raakgeloop. Die boek was oor 'n duisend bladsye lank, verskriklik vervelig, en was nie van 'n indeks voorsien nie.

Hy het 'n goeie aantal kopieë van die boek aangeskaf, en hulle anoniem aan sy mees egoïstiese vriende gepos. Binne in die geskenkie was 'n getikte nota:

„U sal geamuseerd wees — alhoewel miskien ook beledigd — deur die verwysinge na u in hierdie volume."

Die soektog, sê hulle, het verskeie dae geduur.

En dan is daar die man met die ondeunde glans in sy oë, wat altyd 'n pondnoot êrens in sy volume van Dante versteek.

Dit stel hom in staat om soms voor 'n taamlik geskokte geselskap te grom: „Waar in Die Hel het ek daardie pond geplaas?"

* * *

Het u geweet dat die eintlike uitvinders van die sogenaamde nagemaakte „paddapote", wat vandag so gewild is by onderwaterse visvangers, in werklikheid die ou Egiptenare was?

Dit lyk soms werklik vir my asof daardie ou beskawinge ons in alles voor was. Die Egiptenare het hulle „paddapote" van laaghout en strooi gemaak, en het waterdigte bokvelsakke aan hulle neuse geheg om in asem te haal wanneer hulle duik.

* * *

'n Toeris in Algerië het met 'n grootse gebaar aan sy gids vertel: „Ek is nou moeg om al die ou plekkies te sien wat jy aan iedere Amerikaner wys. Ek wil die **werklike** Afrika sien!"

Die gids het gebuig en gesê: „Ek sal u na die wildste, mees eksotiese café aan hierdie kant van die Sahara neem. U sal dit nooit vergeet nie!"

Die twee manne het die nag ingestap, en uiteindelik by 'n donker, sinistêre gehug aan die kant van die dorp aangeland. Ná 'n aansienlike klomp rites en gefluister van kodes en wagwoorde, is hulle naderhand ingelaat.

Verskeie geheimsinnige karakters kon in die skemer-duister gesien word, maar wat die toeris onmiddelik opgeval het was 'n Engelse kolonel, geklee in volle drag — swaard en al — wat **presies ses duim** groot is! Die man het sy oë gevryf en weer gekyk. Soiets is mos onmoontlik!

En terwyl hy nog in ongeloof toekyk, gooi die kroegman 'n tou van rooi sy oor die toonbank; die kolonel trek homself aan die tou op, en maak homself gerieflik met 'n vingerhoed vol whiskey en soda in die hand.

Die gids was in ekstase: „Wat 'n geluk", vertel hy aan die toeris, „u sal geleentheid hê om Kolonel Pringle te ontmoet — enig in Afrika!"

Toe draai hy hom na ses-duims-figuurtjie en sê met 'n stralende gesig, „Wees tog so goed, Kolonel, en vertel vir my toeriste-vriend hier van die nag toe jy vir die toordokter gesê het om te gaan doppies-blaas!"

* * *

Die grootste vloek waaronder 'n dapper man kan werk, is die betowering van 'n vrou se oog. — John Fletcher.



JAN RAP
(Eindelik het die redaksie daarin geslaag om 'n foto van die skugtere heer te bekom. **Welkom in ons midde!** Red.)

Party mense is gedurende die hele lewensreis seesiek . . . . . . . . . .

JAN RAP

**Uit die mond van die Suigeling**




**Dameth en Heerge**

**Die Bult Apteek**
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091

**WESTVAAL**
**Studente!**
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
**WESTVAAL**

**MOENIE......**



**Met 'n koue pampoen om die bos gelei word nie.**
KOM NA
**CORNER FRUIT STORE**
**DIE VRUGTEWINKEL**
OP DIE HOEK

KOM KYK BY . . . .
**J. HEIDEMA**
**FOON 364 - - - - - - - - - - KERKSTR. 48,**
**POTCHEFSTROOM**
☐ FIETSE,
☐ BROMFIETSE,
☐ MOTORFIETSE,
☐ TIKMASJIENE, ENS.

# P.U. versus P.O.K.

## — Saterdag, 23 Augustus!

EERSKOMENDE Saterdag meet P.U. en P.O.K. se eerste spanne vir die tweede keer hierdie jaar kragte. Vars in die geheue is nog die pragoorwinning van ons eerstespan in die eerste semester. Dit het egter baie lanklaas, indien ooit, gebeur dat die Puk daarin kon slaag om die Swartetjies tweekeer in een jaar uit te trap. Saterdag moet daar dus geskiedenis gemaak word!

As ons die twee spanne beskou, kan dit gebeur, hoewel die Pukke glad nie gerus moet wees nie. Ons eerste span het nie te sleg gevaar na die vakansie nie, en op die ranglys beklee ons 'n hoër posisie as P.O.K. Verlede Woensdag, egter, het die Pote daarin geslaag om die sterk span van Potch. dorp te oorrompel. Ons kan dus verseker wees van meer as waardige kompetisie.

Maar nou, Pukke, help dit alles niks as ons eerste span daar op die veld spook en spartel en die pawiljoen is leeg nie. Elke Puk moet sy plig besef en Saterdag op die pawiljoen wees. Dieselfde fliek wys Saterdagaand weer, maar die wedstryd word net die middag gespeel.

Laat ons dus in ons hordes opruk— dames en here van beide geslagte— en met ons groot b . . . . , bedoelende monde, sorg dat Mic en Stoney elkeen drie keer agter die lyn gaan kuier en elke ander spanlid ook, indien moontlik.

Laat die pawiljoen gevul wees en ons eerste span sal vir die res sorg! !

**Sanlam**

DIE WAARBORG VIR UITKOMS
VIR U EN U GESIN!

**Verteenwoordig deur —**

Wyksbestuurder: **W. J. S. COETSEE.** **Tel. 106**
Huisadres: **Hoffmanstraat 84,**
Kantoor: **H/v. Kerk- en Lombardstraat.**



**Die mooiste**
**GESKENK**
VIR U VRIENDE
**'n PORTRET**
VAN:
**BEYERS**
**CLAASSEN**

# EN JY SÊ DIT?!

Hier volg 'n paar van die briljantste stukkies vertolking van die beloop van die historie van ons geliefde PUK — soos verstaan deur kandidate vir die Studentehandboekeksamen:

„Intussen het die Universiteit 'n gewetensklousule ondergaan."

„By die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het dosseerwerk geskied d.m.v. kieskolleges."

„Daar is gestry totdat dit in 1933 eindelik erken word as die P.U.K. vir C.H.O., 'n groot stap vooruit op die gebied van die ontwikkeling van 'n eie teologiese skool vir Gereformeerdes waar die broodnodige leraars vir die geruïneerde Afrikanerdom kon opgelei word."

„In 1928 het die ontstellende nuus gekom dat die universiteit nie kon voortbestaan nie en algehele ontbinding is aangeraai."

Na afskeiding van die Literariese Departement: „Die teologiese skool het egter 'n raad gehad wat uit 6 teologiese studente bestaan het, wat in die literariese afdeling gebly het."

Vraag: Beskryf die geskiedenis van die huidige P.U. vir C.H.O. gedurende die jare 1916-1933.

Antwoord: „Die tydperk was gekenmerk deur die oorloë. Die land was onvry en moes gedurig die oorloë trotseer."

# DAMESHOKKIE

Na die ervarings op die Inter-Universitêre toernooi blyk dit asof die gehalte hokkie verbeter het. Die Pukkies het teen Potchefstroom gelykop gespeel, en die wedstryd was nie sonder hoogtepunte nie. Die verdediging met veral Jeanne Venter het besonder goed gespeel.

Die Pukkies se vreugde was groot toe hulle teen Viljoenskroon skoonskip gemaak het met 'n telling van 2—0. Die voorlyn het mooi gekombineer; en die doele is deur Herrie en Ina geskiet. Hou so aan Pukkies want eersdaags meet ons kragte met ons bure!

# Thalia Wonder?

Sondag 10 Augustus was dit die tiende!


Was dit die tiende Augustus, die tiende sleep of die tiende kys! Hoe dit ookal sy: Jan Boneschans en Louis Jooste het hulle in stilte gaan afsonder. Tans is dit net maanskyn, rose en fonkelwyn.

Aan julle twee sê ons baie geluk.

Aan jou Jan, wil ons sê: „Mag dit tref"; en aan jou Louis: „Hoop dit tref".

En dan wonder Thalia net: wat nou van die arme Bosveldboertjie!

**PUKKE......**



VIR JULLE BLêRKASTE
EN ANDER ELEKTRIESE
BENODIGDHEDE

**W. J. SPAVINS en SEUN**

Kerkstraat 101 — Tel. 185

**Drink die beste!**
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

**S & S**
Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

**Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134**
**POTCH MINERAL WATERS**

# EERSTE SPAN WEN WEER........

## TOY DRUK TWEE DRIEË

IN 'N WEDSTRYD wat hard, maar tog ook somtyds aanskoulik was, het P.U. daarin geslaag om Lichtenburg, verlede jaar se kampioenspan, die loef af te steek met 17—9. Dit was 'n wedstryd wat getoon het dat die Puk nog oor uithalerspelers beskik en veral met die oog op volgende week (23 Augustus) se wedstryd teen Normaal die belangstelling in ons rugby behoort te laat opvlam.

Lichtenburg het eerste punte aangeteken toe hulle groot slot, du Plessis, oor die lyn gestort het vir 'n drie. Heelagter Le Roux se vervyfskop was mis. Hierna was dit Puk se beurt toe 'n volle agterlyn beweging, met Dannhauser in die lyn, op 'n pragdrie deur die heelagter uitgeloop het. Sy eie drie kon hy egter nie vervyf nie. Nie lank hierna nie was dit weer dieselfde storie en Toy behaal die merkwaardige prestasie om as heelagter twee drieë te druk. Stoney Steenkamp kon hierdie keer nie die vervyfskop oorklits nie.

Na rustyd is drieë aangeteken deur Casper Lessing, wat seker een van die hardste spelers in die Eerste span is en Piet Steinberg. Laasgenoemde se drie is vervyf deur Dannhauser terwyl hy ook nog later 'n strafskop aangeteken het. (Toy het dus elf van Puk se 17 punte aangeteken!)

Lichtenburg se ander punte is aangeteken deur heelagter Roux (strafskop) en die bekende Piet Bartmann (drie).

In Lichtenburg se geledere het Arie Oberholzer getoon dat hy nog steeds die speerpunt in hulle aanvalle is, terwyl Bartman self 'n harde spel gespeel het. Ons voorspelers verdien egter alle lof vir die wyse waarop hulle die gedugte pak van Lichtenburg opgedreun het. Hier kan mens nie een man uitsonder nie. In die agterlyn, behalwe Dannhauser wat afgesien van sy puntetotaal ook 'n pragwedstryd gespeel het, het Leon Thom weer sy ou spel gespeel terwyl Mic Moolman telkens getoon het watter talent in hom opgesluit lê.

Dit is jammer dat van der Schyff wat goed afgesit het, beseer is, en daarmee samehangende dat daar so min van Hennie van der Walt **op senter** gesien is.

Kortom, al wat 'n speler was, het sy plek in Saterdag se span verdien en die nederlaag van verlede kwartaal is goed gewreek.

**NAVY.**

Op Park B moes „Navy" tevrede wees met 'n gelykop beslissing (3 elk) teen Lichtenburg II.

**FIRES.**


Fires het met hul segetog voortgegaan en op Saterdag 9 Augustus, in 'n vriendskaplike wedstryd teen Fochville, 6—3 gewen.

I. V. D. WALT.

# MATMANNE VAN DIE PUK KLOP POTE

VRYDAGAAND, die 15e Augustus het die Puk se stoeiers weer kragte gemeet teen Pote. Die aand was uiters geslaagd. Die Pukke het goed vertoon teen die sterk span van P.O.K. en hulle met die kous oor die kop teruggestuur.

Die toernooi wat uit 14 gevegte bestaan het, het plaasgevind in Puk se gimnastieksaal. Puk het 8 van die 14 gevegte gewen. Ongelukkig vir die Pukke moes Jan Viljoen sy geveg



**P. BRAND, Stoeikaptein.**

staak weens 'n besering wat hy opgedoen het.

Soos altyd, het die Pukke se kaptein, Piet Brand, weer uitgeblink. Ander harde vegters was Proppie Steyn, Piet Krüger, Kassie Enslin, Willem Postma en die ander wat gewen het. Aan die wat nie die paal kon haal nie, onthou die Wes-Transvaalse Kampioenskappe lê voor!

Geluk Pukke, dis 'n mooi oorwinning wat julle oor die Voetetjies behaal het, ook vir die mooi span- en sportmansgees wat kenmerkend was van die hele toernooi.

Ons wens al die Pukke sterkte toe met die kampioenskappe wat eersdaags gehou gaan word.

—C. J. van Wyk.

# MANSHOKKIE KRY PAK!

Deur Puk op Saterdag 9 Augustus met 6 doele teen 3 die loef af te steek, het Gold-Fields daarin geslaag om hul gedugste teenstanders in die liga se moontlikhede te verswak.

Jammer Pukke, maar Gold-Fields se middelskakel was net een te veel vir julle. Puk se nederlaag kan toegeskryf word aan hul swak verdediging en die uitmuntende spel van Gold-Fields se middelskakel.

Vir Puk het Dykstra, Botha en Vorster elk 'n doel behaal.

Dit wil voorkom asof die toernooi ons nie veel gebaat het nie.

**PROEFPLAAS.**

In 'n sprankelende wedstryd op Woensdag 13 Augustus het ons eerste span daarin geslaag om Proefplaas se hokkiespan 6—0 te wen.

Die doele is aangeteken deur Botha, Wiese en Snyman.

Dit lyk of ons reggeruk het na verlede Saterdag se loesing. In die wedstryd het Wiese, Koos en Piet van Wyk asook Vorster uitgeblink.

**TWEEDE SPAN.**

Die tweede span het Woensdag 13 Augustus 4—0 teen Garnisoen verloor. Garnisoen was te sterk vir Puk. Vir Puk is egter mooi spel gelewer deur Flip Linde en Steyn.—C. J. v. Wyk.





„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA 136